



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## FEBRUARIE/MAART 2016

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 20$^{ste}$-eeuse Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994 – Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: | Die Geskiedenis van Teater, Praktiese Konsepte, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A**
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
**Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die betrokke 20$^{ste}$-eeuse Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**

| | |
|---|---|
| • *Caucasian Chalk Circle* | Bertolt Brecht |
| • *Kaukasiese Krytsirkel* | Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks |
| • *Mother Courage* | Bertolt Brecht |
| • *Moeder Courage* | Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks |
| • *The Good Person of Szechwan* | Bertolt Brecht |
| • *Kanna Hy Kô Hystoe* | Adam Small |

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**

| | |
|---|---|
| • *Waiting for Godot* | Samuel Beckett |
| • *Afspraak met Godot* | Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks |
| • *Bagasie* | André P Brink |
| • *The Bald Primadonna* | Eugene Ionesco |
| • *Die Kaalkop Primadonna* | Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks |

**OF**

**POSTMODERNE TEATER**

| | |
|---|---|
| • *Skrapnel* | Willem Anker |
| • *Top Girls* | Carol Churchill |
| • *Popcorn* | Ben Elton |
| • *Buried Child* | Sam Shepard |

3. **AFDELING B**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 2: | *Woza Albert!* | Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon, **OF** |
| VRAAG 3: | *Sophiatown* | Junction Avenue Theatre Company, **OF** |
| VRAAG 4: | *Siener in die Suburbs* | PG du Plessis |

4. **AFDELING C**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 5: | *Nothing but the Truth* | John Kani, **OF** |
| VRAAG 6: | *Groundswell* | Ian Bruce, **OF** |
| VRAAG 7: | *Mis* | Reza de Wet |

5. **AFDELING D**
**Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae. Albei vrae is VERPLIGTEND.**

## AFDELING A: 20^ste^-EEUSE TEATERBEWEGINGS

Hierdie vraag is VERPLIGTEND.

### VRAAG 1

Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die relevante 20^ste^-eeuse Teaterbeweging (Teater van die Absurde **OF** Epiese Teater **OF** Postmoderne Teater).

Bestudeer BRON A hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

### BRON A

> Ek dink wat mense so fassinerend maak, is konflik. Dis drama, dis menslike omstandighede. Niemand wil perfeksie/volmaaktheid aanskou nie.
>
> – Nicolas Cage

Bespreek in 'n opstel die onvolmaaktheid van menslike omstandighede in die toneelteks wat jy hierdie jaar bestudeer het.

Verwys na enige VIER van die volgende:

- Sosiopolitieke konteks
- Temas
- Karakters
- Taal en dialoog
- Ruimte en dekorstel
- Intrige en struktuur
- Teatermiddele/-tegnieke

Dui die toneelteks wat jy bestudeer het boaan jou opstel aan.

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

Bestudeer BRON A hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**



**'n Toneel uit 'n produksie van *Woza Albert!***

Jy is gekies om 'n skoolproduksie van *Woza Albert!* by jou skool te regisseer. Gebruik BRON A om die beplanning en voorbereiding van jou toneelstuk te lei.

2.1 Noem wat die pingpongbal-neuse in die toneelstuk voorstel. (2)

2.2 Die gebruik van die pingpongbal-neuse is 'n voorbeeld van satire.

2.2.1 Definieer die term *satire*. (2)

2.2.2 Verduidelik hoe satire in enige TWEE tonele in die toneelstuk gebruik word. (6)

2.3 Beskryf hoe die akteurs klankeffekte kan gebruik om die omgewing (beelde/voorwerpe/verhoogplasing) van die toneelstuk te skep. (4)

2.4 BRON A: Hoe wys die akteurs fisies dat hulle na dieselfde denkbeeldige voorwerp/persoon kyk? (2)

2.5 As 'n regisseur, motiveer die fisiese vaardighede wat die akteur kan nodig kry om aan die opvoervereistes van *Woza Albert!* te voldoen. (6)

2.6 Beskryf 'n geskikte oefening wat die akteurs in *Woza Albert!* sal help om te fokus en te konsentreer terwyl hulle optree. (2)

2.7 Regverdig of die toneelstuk deur vroulike toneelspelers opgevoer sal kan word. Motiveer jou antwoord. (4)

2.8

> Die woord 'teater' kom van Grieks. Dit beteken 'die plek waar gekyk/aanskou word'. Dit is die plek waarheen mense gaan om die waarheid oor die lewe en maatskaplike situasies te aanskou. Die teater is 'n geestelike en maatskaplike X-straal van sy tyd. Die teater is geskep om mense die waarheid oor die lewe en die maatskaplike situasie te vertel.
>
> – Stella Adler

Bespreek hoe *Woza Albert!* as 'n 'geestelike en maatskaplike X-straal van sy tyd … om mense die waarheid oor die lewe en die maatskaplike situasie te vertel' beskryf kan word.

Verwys na VIER voorbeelde in die toneelstuk om jou antwoord te ondersteun. (12)
**[40]**

## VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON B**

MINGUS: Tell her I only go for the best.

JAKES: How do you know it's the best?

MINGUS: Easy, man – check the labels! Only genuine English or American imports, 'Can't-gets' – Florsheims, Winthrops, Bostonians, Saxone and Manfield, Arrow shirts, suits from Simpson's, Hector Powe, Robert Hall, Dobbs, Woodrow, Borsalino hats. You tell her I'm the best dresser in town. American straights. You tell her I'm a smart guy – no messing around, and I want her here at six o'clock!

**BRON C**



**Mingus en Princess in 'n produksie van *Sophiatown***

Jy is die regisseur van 'n skoolproduksie van hierdie toneelstuk.

3.1 Beskryf en motiveer jou kostuumkeuses vir die karakters Mingus en Princess. Verwys na BRON B en BRON C. (4)

3.2 Beskryf aan die akteurs wat Mingus en Princess speel, die glans en romantiek van hulle karakters en hulle verhouding. (4)

3.3 Verduidelik hoe die glans en romantiek van Mingus en Princess se verhouding met die werklikheid van hulle situasie kontrasteer. (3)

3.4 Gee instruksies oor hoe jy die akteurs wat Mingus en Princess speel, sal regisseer om hulle karakters *fisies* uit te beeld. Verwys na die toneelteks as 'n geheel. (6)

3.5 Motiveer hoe jy die werklikheid van die lewe in Sophiatown deur jou keuse van dekorstel en rekwisiete sou uitbeeld. (6)

3.6 Die oorspronklike produksie van *Sophiatown* het tekens en slagspreuke as agtergrond vir die aksie gebruik. Jy wil 'n soortgelyke visuele effek skep.

Stel EEN gepaste slagspreuk voor wat jy kan kies om op die verhoog te gebruik. (1)

3.7 Bespreek die toneelmatige doeltreffendheid van die gebruik van slagspreuke in 'n produksie van *Sophiatown*. (4)

3.8

> Sophiatown is die verlede wat ons nie kan vergeet nie.
>
> – Amos Masondo

Bespreek hoe die toneelstuk *Sophiatown* die verlede (geskiedenis) van Sophiatown, die plek, verteenwoordig.

Verwys na jou kennis van die toneelstuk as 'n geheel in jou antwoord. (12)

**[40]**

## VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON D**

TIEMIE: Ek was te bang vir jou. Ek is nie meer bang vir jou nie. Maak my vrek, ek trou nie met jou nie, en jou kleintjie sal ek regsien. Loop! Ek het genoeg gehad van jou en van die Suburbs en van Ma en van die hele bleddie boel. Loop! Ek wil nie 'n tang hê nie. Ek kan kots van julle almal. Maak my vrek, jy sal my nie hier hou nie. Ek gaan na die dandies toe. Jy's 'n tang! 'n Tang! 'n Tang!

JAKES: Ek sal jou nie los nie!

TIEMIE: Ek wil jou nie hê nie.

JAKES: Oor jy dink ek's 'n tang dink jy ek het nie insides nie? Sê vir my tang! Jy't nie tang gesê toe jy by my lê nie. Dink jy ek't nie love nie. Dink jy ek het nie geworry oor daardie dandies nie? Dink jy … dink jy ek het nie gevoel oor jou nie … Die tang … Ek sal jou nie vir die dandies gee nie …

MA: Jakes, los my kind … Tjokkie, help!

(*Tiemie ruk los en hardloop die huis binne. Giel, sy tas gepak, loop teen haar vas, dan teen Jakes.*)

JAKES: Jy sal nie ok weg kom nie. Ek sal jou hê …

MA: Giel, help my, hy gaan vir Tiemie doodmaak.

GIEL: (*ruk hom los)* Sorry, my meisie …

MA: Giel!

(*Hy stap oor die verhoog en af.*)

GIEL: (*mompel)* Sorry, man, hel sorry, sorry, ou girl …

Jy is die regisseur van 'n produksie van *Siener in die Suburb*s in jou plaaslike gemeenskapsaal. Gebruik die uittreksel hierbo en jou kennis van die toneelstuk om jou antwoorde te lei.

4.1 Gee die aktrise wat Tiemie speel raad oor hoe om haar reëls (1–6), wat haar groeiende wanhoop toon, op die doeltreffendste *vokale* en *fisiese* wyse te vertolk. (6)

4.2 Verduidelik aan die aktrise wat Tiemie speel waarom sy, op dié tydstip in die toneelstuk, nie meer vir Jakes bang is nie. (2)

4.3 Wat bedoel Tiemie as sy sê dat sy na die 'dandies' toe gaan? (2)

4.4 Stel voor wat hierdie uittreksel oor Giel se karakter onthul. Jy kan na die toneelstuk as 'n geheel in jou antwoord verwys. (4)

4.5 Motiveer vir jou kostuumontwerper waarom Ma en Tiemie se kostuums in die toneelstuk moet verskil. (6)

4.6 Identifiseer, met 'n rede, die tipe verhoog wat jy vir 'n produksie van *Siener in die Suburbs* sal nodig hê. (2)

4.7 Beskryf aan jou stelontwerper die dekorstel wat jy vir jou produksie nodig het. Motiveer jou keuses met verwysing na die toneelteks. (6)

4.8 *Siener in die Suburbs* – soos so baie ander stories – gaan eintlik oor liefde of, in hierdie geval, onbeantwoorde (eensydige) liefde.

Bespreek die tema van 'onbeantwoorde liefde' soos deur die karakters in die toneelstuk getoon. (12)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994 – KONTEMPORÊR

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Bestudeer BRON E hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON E**



SIPHO: This government owes me!

BRON E: Die rol van Sipho is aan jou toegeken.

5.1 Gee 'n karakterbeskrywing van Sipho. (4)

5.2 Verduidelik hoe jy Sipho se emosies *vokaal* en *fisies* sal uitdruk wanneer jy die woorde: 'This government owes me!', voordra. (4)

5.3 Identifiseer, met redes, hoe die foto die realistiese genre van die toneelstuk weergee. (6)

5.4 Motiveer hoe die verhoogplasing ('blocking') van hierdie toneel die verhouding tussen die karakters toon. (4)

5.5

> Die verlede is dood. Ons moet dit 'n gepaste begrafnis gee en aanbeweeg na nuwe en opwindende dinge wat uit die longe van vryheid ontspring.
>
> – John Kani

5.5.1 Verduidelik die 'nuwe en opwindende dinge' wat die karakter van Sipho in die toneelstuk beleef as gevolg van sy keuse om die verlede te begrawe en aan te beweeg. (6)

5.5.2 Wat is die waarde daarvan om John Kani se stelling in ons alledaagse lewens toe te pas? (4)

5.6

> *Nothing but the Truth* is 'n toneelstuk wat 'n storie vertel wat, op 'n manier, 'n persoonlike en politieke, 'n private en openbare katarsis (suiwering) vir Sipho en die gehore is wat na die toneelstuk kyk.

Bespreek die geldigheid van die stelling hierbo met inagneming van Sipho se persoonlike reis na waarheid en versoening. (12)


**[40]**

**VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE**

Bestudeer BRON F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON F**

**A B C**




**'n Plakkaat van 'n produksie van *Groundswell* in Florida (VSA)**

Jy is gekies om die regie van 'n produksie van *Groundswell* by jou skool te doen.

6.1 Identifiseer die karakters wat **A**, **B** en **C** gemerk is. (3)

6.2 Verduidelik aan die akteurs watter funksie elk van die karakters in die ontwikkeling van die intrige het. (6)

6.3 Gee instruksies oor hoe jy die drie akteurs sou regisseer (lei) om hulle karakters *vokaal* en *fisies* uit te beeld. Verwys na die toneelteks as 'n geheel. (6)

6.4 Bespreek hoe 'n tipiese realistiese produksie van *Groundswell* opgevoer sou word. (4)

6.5 Verduidelik hoe die sosiopolitieke omgewing van die toneelstuk die verhoudings tussen die karakters beïnvloed. (4)

6.6 Verduidelik waarom die afbeelding van 'n diamant gepas sou wees om die sentrale temas van die toneelstuk te simboliseer. (5)

6.7

> 'n Kruis tussen Mamet en Fugard … 'n VURIGE SPANNINGS-verhaal van DESPERATE MANS wat nie vir GEVAAR sal stuit om een laaste kans vir 'n groot prys te verseker nie. BOEIENDE toneelstuk!
>
> – Charles Isherwood, *The New York Times*

Bespreek Charles Isherwood se kommentaar dat *Groundswell* 'n 'VURIGE SPANNINGS-verhaal (is) van DESPERATE mans wat nie vir GEVAAR sal stuit om een laaste kans vir 'n groot prys te verseker nie'.

Verwys na jou kennis van die toneelstuk as 'n geheel in jou antwoord. (12)
**[40]**

**VRAAG 7: *MIS* DEUR REZA DE WET**

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON G**

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | Ek vra net, mevrou. (*Skielik ferm.*) Beantwoord asseblief my vraag: Is daar 'n solderingang? |
| MIEM: | Ja, daar is. En wat daarvan? Hy het dit van binne gesluit. Daardie deur is al vir sewe jaar toe! |
| KONSTABEL: | So, hy het die sleutel? |
| MIEM: | Wat probeer jy eintlik sê, Konstabel? Dink jy my man is 'n verdagte? My arme Gabriel wat nie 'n vlieg sal seermaak nie! Ons maak ons deure vir jou oop en dis hoe jy ons terugbetaal! |
| KONSTABEL: | Vergewe my, mevrou … Ek het nie bedoel … |
| MIEM: | Jy moet dink ons is onnosel. Maak asof jy ons beskerm! (*Sy snuif.*) |
| GERTIE: | Aag, komaan, Miem. |
| MIEM: | Ja, gee voor om ons te beskerm. Maar wat hy eintlik wil doen, is om in my huis te snuffel! Soos 'n bloedhond. |
| KONSTABEL: | Mevrou, ek verseker jou … |
| MIEM: | Gabriel is 'n goeie man! 'n Dierbare, saggeaarde man! Opreg en eerlik! Uit 'n uitstekende familie! Hy was nog altyd … 'n bietjie buierig, maar wat's daarmee verkeerd? Maak dit hom 'n monster? O ja, ek weet wat mense oor hom sê … dat hy nie … heeltemal reg hierbo is nie. Skinderbekke! Moeilikheidmakers! En jy glo hulle! Konstabel, ek dink jy moet liewer gaan. Jy is nie meer in my huis welkom nie! |

**BRON H**



**'n Toneel uit 'n produksie van *Mis***

Jy is gekies om 'n produksie van *Mis* by jou skool te regisseer. Gebruik BRON G en BRON H om die beplanning en voorbereiding van jou toneelstuk te lei.

7.1 BRON G: As 'n regisseur, verduidelik aan die akteur wie Gabriel is. (1)

7.2 Reël 18 en 19: Stel aan die akteur voor waarom mense van Gabriel kan sê 'dat hy nie … heeltemal reg hierbo is nie'. (3)

7.3 Verduidelik die ironie wanneer Miem vir Konstabel sê dat hy voorgee om hulle te beskerm ('gee voor om ons te beskerm'). (2)

7.4 Motiveer hoe 'n aktrise enige TWEE van Stanislavski se metodes/tegnieke kan gebruik om vir die rol van Miem voor te berei. (6)

7.5 BRON G: Beskryf hoe 'n aktrise wat Miem speel die woorde in reël 15–20 vokaal sou voordra. (6)

7.6 BRON H: Verduidelik hoe die slopemmer sentraal tot die handeling/aksie in die toneelstuk is. (6)

7.7 BRON H: Bespreek die tegniese uitdagings wat 'n regisseur sou ervaar wanneer hierdie toneel opgevoer word. (4)

7.8

> Paul Boekkooi verwys na *Mis* as 'n 'noodsaaklike teaterervaring' – die teks is belaai met verwysings na klank, reuk en aanraking, en uiteindelik, die magiese realisme van die sesde sintuig.

Bespreek die ontleding van *Mis* deur Paul Boekkooi hierbo. Verwys na jou kennis van die toneelstuk as 'n geheel in jou antwoord. (12)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: DIE GESKIEDENIS VAN TEATER, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 8**

8.1 Definieer *Realisme* as 'n teaterbeweging. (2)

8.2 Verduidelik die verskillende kenmerke van 'n realistiese toneelstuk. Jy kan verwys na enige realistiese toneelstuk wat jy bestudeer het of waarna jy gaan kyk het. (8)

8.3 Definieer en bespreek die kenmerke van enige TWEE van die volgende 20$^{ste}$-eeuse filosofieë/teaterbewegings (-ismes) wat jy hierdie jaar bestudeer het:

- Konstruktivisme
- Dadaïsme
- Eksistensialisme
- Ekspressionisme
- Futurisme
- Surrealisme
- Simbolisme (10)

**[20]**

**VRAAG 9**

Bestudeer BRON I hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON I**

***Feel Good***




I just wanna feel good every day
I wanna wear a smile upon my face
I wanna feel the joys of the day
I wanna feel alight in every moment
Said I won't waste time on feeling blue
I won't waste time on things I cannot change
I'm gonna live these days as best as I can
Doing everything that feels right

[Lirieke deur Lira gekomponeer]

Jy het die geleentheid gekry om Lira se inspirerende lirieke in *Feel Good* vir 'n Vryheidsdag-opvoering by jou skool te gebruik.

9.1 Motiveer watter EEN van die volgende drama-vorms jy vir jou opvoering sou kies:

- Monoloog
- Koorverse
- Fisiese teater
- Multimedia (3)

9.2 Na aanleiding van jou keuse in VRAAG 9.1, beskryf die tipe verhoog wat jy sou kies ten opsigte van die gewenste akteur-gehoor-verhouding. (3)

9.3 Verduidelik die teaterelemente (beligting, klankeffekte, kostuums, ensovoorts) wat jy kan gebruik om jou opvoering te skep. Verwys na spesifieke reëls in BRON I om jou keuses te verduidelik. (6)

9.4 Skryf 'n toespraak waarin jy die Dramatiese Kunste-klas van graad 11 raad gee om hulle te help om vir hulle finale praktiese eksamen voor te berei.

Sluit die volgende by jou toespraak in:

- Keuse van stukke
- Repetisies
- Opwarming
- Vokale en fisiese vertolkingsvaardighede (8)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou